

# SARS DOEANE ONDERSKEP DWELMS BY ROLSTOEL-GEBONDE 74-JARIGE VROULIKE REISIGER

**Pretoria, 8 Junie 2019** – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se Doeane-beamptes het op Donderdag, 6 Junie 2019 by OR Internasionale Lughawe (ORTIA) 'n 74-jarige vroulike reisiger onderskep met heroïene ter waarde van nagenoeg R500 000 – netjies versteek in valse kompartemente in haar handsak.

Die reisiger was ten tyde van die voorval onderweg na 'n sentraalgeleë Europese land. Met fisiese deursoeking van haar handbagasie is 'n poeierige middel ontdek. 'n Dwelmtoets is gedoen en die inhoud het positief vir heroïene getoets.

Doeane het 'n kriminele aanklag gelê by die plaaslike polisiestase vir die besit van dwelms en poging tot smokkelary. Die verdagte is daarna gearresteer, hangende 'n hofverskyning op die aanklagte.

SARS Doeane is dankbaar vir die konstruktiewe samewerking tussen sy offisiere, die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPS) se Kriminele Intelligensie en ander wetstoepassingsagentskappe by ORTIA, wat voordurende positiewe uitslae lewer in die bekamping van dwelmsmokkelary, het Doeane-hoof Mohamed Ally gesê.

Vir foto's, [klik hier](#).